



Ruilvoet en winsgewendheid

in koringbedryf onder die soeklig

PIETMAN BOTHA, SENIOR LANDBOONAVORSINGSKUNDIGE, GRAAN SA EN CORNÉ LOUW, SENIOR EKONOOM: INSETTE, GRAAN SA

Die koringbedryf in Suid-Afrika is die afgelope paar jaar in 'n oorlewingstryd gewikkel. Al meer hektare word uit koringproduksie onttrek weens onwingsgewendheid en Suid-Afrika raak gevolglik al meer afhanklik van ingevoerde koring. Suid-Afrika het die vermoë om genoeg koring te produseer om te voldoen aan die plaaslike behoefte, maar om te kompeteer met ingevoerde gesubsidieerde koring, is tans nie volhoubaar nie.

Die koring/inset-ruilvoet en die begrote winsgewendheid vir die 2010/2011-produksieseisoen is gevolglik onder die loep geneem.

Koring/ureum-ruilvoet

Grafiek 1 dui aan hoeveel koring benodig word om 1 ton ureum aan te koop – vir die tydperk van 1990 tot 2010. Vir die 2010/2011-seisoen (komende seisoen) is die Safex Desember 2010-koringkontrak gebruik om 'n produsentprys te bereken.

Uit die grafiek is dit duidelik (sien tendenslyn) dat die ruilvoet dramaties sedert 1990 verswak het. Dit is ook opvallend dat veral in die laaste drie jaar, die koring/ureum-ruilvoet heelwat swakker is as die langtermyn gemiddelde ruilvoet van 1,7 ton koring vir 1 ton ureum. Sou die huidige Safex 2010-koringpryse realiseer, sal dit 'n koringprodusent 2,1 ton koring kos om 1 ton ureum aan te koop. Dié ruilvoet is wel die beste in die afgelope drie jaar.

Koring/diesel-ruilvoet

Grafiek 2 gee 'n aanduiding van hoeveel koring benodig word om 1 000 liter diesel aan te koop. Uit hierdie grafiek (tendenslyn) kan gesien word dat die koring/diesel-ruilvoet ook dramaties verswak het sedert 1990. Die langtermyn gemiddelde ruilvoet is 2,3 ton koring vir 1 000 liter diesel, terwyl die verwagte ruilvoet vir die komende seisoen 3,4 ton is, wat wel laer as die vorige twee jaar is.

Koring/trekker-ruilvoet

Grafiek 3 toon aan hoeveel koring benodig word om 'n trekker van tussen 70 kW en 80 kW aan te koop. Die gemiddelde koring/trekker-ruilvoet sedert 1990 is 204 ton koring, terwyl die verwante ruilvoet vir die komende seisoen 251 ton koring is. Dit is opmerklik hoe die ruilvoet verswak het sedert 1990 (sien tendenslyn).

Uit die ruilvoetberekeninge is dit duidelik dat die ruilvoet in die koringbedryf aansienlik verswak het sedert 1990. Dié tendens wys gevaartekens vir die bedryf en kan beteken dat die koringbedryf in Suid-Afrika aan die verarm is, mits opbrengste oor tyd verbeter óf hoër produktiwiteit deur produsente op 'n ander manier bereik word.

'n Beter ruilvoet oor die kort termyn verdiskonteer nie die effek van laer produkpryse nie

Om die effek van die insetprysstygings en veranderings in produkpryse aan te toon, is die Graan SA beplanningsmodel gebruik. In hierdie modelle is die algemene praktyke, gemiddelde hoeveelhede en pryse soos op plaasvlak opgeneem. Deur verlede jaar se insetpryse aan te pas na die huidige pryse, kan die effek van prysstygings bereken word. Die sentrale Rûens-gebied is gebruik om die berekening op te baseer.

In **Tabel 1** word die effek van die jaar-op-jaar-prysstygings vir koring getoon. Hier word die begroting soos opgestel vir die 2009/2010- en 2010/2011-produksieseisoen vergelyk om die veranderinge en effek daarvan, aan te dui.

Soos in Tabel 1 aangetoon word, moet produsente versigtig wees voor nuwe oeste aangeplant word. Uit die tabel is dit duidelik dat die direkte toedeelbare veranderlike koste sedert die 2009/2010-produksieseisoen nie dramaties verander het nie. Die totale koringkoste per hektaar het relatief min gestyg.

Wat egter 'n probleem veroorsaak, is die daling in die verwagte koringpryse. Tydens die opstel van die begrotings was die verwagte Desember 2010-pryse 26% laer as die vorige jaar se pryse. Hierdie daling in pryse kan baie moeilik deur beter produksie reggestel word. Dit veroorsaak dat die winsgewendheid van koringproduksie ernstig onder druk kom. Tabel 1 toon verder dat die huidige Safex-pryse laer is as die Safex-prys wat benodig word om gelyk te breek.

Impak van produksiekoste en laer produkpryse

Volgens die tabel is dit duidelik dat koringproduksie onder groot druk is. Vir die sentrale Rûens sal die Desember 2010-koringpryse tot vlakke van ten minste R3 000/ton moet styg voor produsente koring op 2 ton/ha potensiaal grond winsgewend kan verbou.


TABEL 1: PRODUKSIEKOSTE EN PRYSRAMINGS VIR DROËLAND-KORING (BEWARINGSBEWERKING).

	2010/2011				2009/2010				Verskil tussen produksiejaere					
	2	3	4	4	2	3	4	4	2	3	4	2	3	4
Huidige produsent-plaashekpryse vir die beste graad (R/ton Safex min bemarkingskoste)	1 717 rand/ton				2 317 rand/ton				-25,90% rand/ton					
Beplanningsopbrengs (ton/ha)	3 207	4 811	6 414	6 414	4 407	6 611	8 814	8 814	-27,23%	-27,23%	-27,23%	-27,23%	-27,23%	-27,23%
Bruto produksiewaarde (R/ha)	3 817,97	4 345,41	4 738,61	4 738,61	3 757,78	4 372,19	4 831,89	4 831,89	1,60%	-0,61%	-1,93%	1,60%	-0,61%	-1,93%
Totale direk toedeelbare veranderlike koste (R/ha)	1 134,30	1 134,30	1 134,30	1 134,30	1 046,76	1 046,76	1 046,76	1 046,76	8,36%	8,36%	8,36%	8,36%	8,36%	8,36%
Totale oorhoofse koste (R/ha)	4 952,27	5 479,71	5 872,90	5 872,90	4 804,54	5 418,95	5 878,65	5 878,65	3,07%	1,12%	-0,10%	3,07%	1,12%	-0,10%
Totale koste per ha voor fisiese bemarking (R/ha)	-1 745,27	-669,21	541,10	541,10	-397,54	1 191,55	2 935,35	2 935,35	339,02%	-156,16%	-81,57%	339,02%	-156,16%	-81,57%
Marge per ha voor fisiese bemarking en wins (R/ha)	2,88	3,19	3,42	3,42	2,07	2,34	2,54	2,54	39,09%	36,46%	34,81%	39,09%	36,46%	34,81%
Tonne benodig vir gelykbreek teen huidige produsent-plaashekpryse	2 476,14	1 826,57	1 468,23	1 468,23	2 402,27	1 806,32	1 469,66	1 469,66	3,07%	1,12%	-0,10%	3,07%	1,12%	-0,10%
Totale koste per ton voor fisiese bemarking (R/ton)	483,00	483,00	483,00	483,00	483,00	483,00	483,00	483,00	0,00%	0,00%	0,00%	0,00%	0,00%	0,00%
Totale bemarkingskoste (R/ton)	2 959,14	2 309,57	1 951,23	1 951,23	2 885,27	2 289,32	1 952,66	1 952,66	2,56%	0,88%	-0,07%	2,56%	0,88%	-0,07%
Verwagte minimum Safex-prys sonder wins	2 200,00	2 200,00	2 200,00	2 200,00	2 800,00	2 800,00	2 800,00	2 800,00	-21,43%	-21,43%	-21,43%	-21,43%	-21,43%	-21,43%
Huidige Safex-prys														


Verder dui Tabel 1 aan dat die produksiekoste vir 2 ton/ha potensiaal grond R4 952 beloop. Dit beteken dat, gegewe die huidige verwagte Desember 2010-plaaspryse, 'n produsent 2,88 ton moet stroop om gelyk te breek. Indien die 2,88 ton nie gestroop word nie, kan dit tot finansiële probleme lei.

Produsente sal alles in hul vermoë moet doen om risiko te beperk. 'n Misoes teen hierdie insetkoste sal tot 'n katastrofe lei.


Teen die koers wat produkpryse gedaal het, sal dit moeilik wees vir graanprodusente om volhoubaar koring te bly produseer. Gegewe die huidige insetpryse en voorseisoenkontrakte sal produsente goeie beplanning moet doen. Produsente moet ook seker maak dat die "regte prys" vir 'n inset betaal word. Maak seker dat die beste moontlike prys vir 'n inset, gegewe die kwaliteit, betaal word. Moenie die eerste, beste prys net so aanvaar nie. Kontak Graan SA gerus vir die jongste insetpryse en produksiekosteberekening. ■



Grafiek 1: Hoeveelheid koring benodig om 1 ton ureum te koop.



Grafiek 2: Hoeveelheid ton koring benodig om 1 000 liter diesel te koop.



Grafiek 3: Hoeveelheid ton koring benodig om 'n 70 kW - 80 kW trekke te koop.